# 21 April 2023 - Lesing 14 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die verhouding van kind tot Vader – 7/4/57

**NO: 6800** Julle kom weer in die ware verhouding tot My te staan, wanneer julle My as julle Vader beskou, nie alleen as julle God en Skepper van ewigheid nie, want Ek wil kinders uit julle maak wat hulleself in liefde aan My, hul Vader sal oorgee. Ek wil nie net gevrees en geëer word nie, maar van ganser harte bemin word, om julle nou met My eindelose Liefde gelukkig te kan maak. Dit is die ware kinderlike verhouding wat Ek wil bereik, omdat dit gedra word deur liefde tot My.

Toe Ek julle geskep het, kon Ek julle maar net as geskape wesens buite My geplaas het, ofskoon Ek julle in die hoogste mate toegerus het met alle gawes. Ek kon julle wel deurstraal met My vurige alles-oorweldigende Liefde, maar Ek kon julle nie dwing om hierdie Liefde aan te neem en Haar eweso te beantwoord nie, omdat 'n gedwonge beantwoording van die Liefde My nie gelukkig kan maak, soos die ongedwonge liefde wat My kind My skenk nie. Slegs die liefde wat in vrye wil aan My geskenk word, stem My gelukkig en so 'n liefde trag Ek onophoudelik te wen van My skepsele wat die weg oor die aarde gaan, omdat hierdie liefde vir hulleself onmeetlike saligheid oplewer.

Die wesens kan ook wel mateloos gelukkig genoem word wat in vrye wil by My gebly het, toe die groot afval van die oorspronklike geskape geeste plaasgevind het. Want hulle was voortdurend met My Liefde deurstraal en hulle is dus ook deurgloei van liefde. Tog bestaan daar 'n onderskeid in die graad van liefde en geluk tussen hulle en My ware kinders, wat die wesens egter ook nog kan bereik, indien hulle ook vrywillig die weg gaan wat ook vir hulle die kindskap van God laat bereik, naamlik die weg oor die aarde met 'n doelwit. Dog voel hulle hulleself, net soos elke ander mens, aanvanklik slegs as 'n skepsel van God en moet eers in vrye wil die verhouding van 'kind tot Vader' tot stand bring.

Elke mens is egter daartoe in staat en hoef hom maar net aan die Mag oor te gee wat hy as God en Skepper kan herken, wanneer hy van goeie wil is. **En die oorgawe van die mens aan hierdie Mag het tot gevolg dat die Vader nou Sy kind vasgryp en na Homself toe trek. Dan val ook elke skroom, elke vrees van hom af, dan kom hulle vol vertroue na My en "begin" van My te hou met die liefde van 'n kind wat homself innig verbind voel met Sy Vader, wat homself egter ook in diepste deemoed aan Hom sal onderwerp, wat Hom nie wil bedroef nie en wat ook na Sy Liefde verlang omdat hy andersins nie gelukkig is nie.**

En dan is al sy denke en strewe alleen maar op My gerig, dan is die skeiding opgehef wat daar tevore bestaan het, dan het My skepsel My kind geword en is die doel bereik wat Ek vir My gestel het toe Ek hulle geskape het. En die doel wat julle gestel is vir julle lewe op aarde is juis die totstandkoming van hierdie ware verhouding van 'n kind tot My. **Solank Ek vir julle maar net die God en Skepper is, wat julle wel eer en vrees, solank is julle nog heel ver van My, want dan is die ware liefde nog nie in julle wat julle na My dryf nie en wat ook die Vader in My sien.** Die aanstraling van My Liefde kan julle dan nog nie in die mate tref dat julle liefde daarin ontsteek word en dan Liefde aanspoor tot liefde nie. Want die liefde van 'n kind tot die Vader is anders as die liefde wat julle vir julle God en Skepper voel.

Die ware liefde soek steeds aaneensluiting - en die vereniging met My sal steeds die van kind met sy Vader wees, omdat Ek tog julle Vader is, uit Wie se Liefde julle voortgekom het. En as die ware verhouding deur julle eenmaal tot stand gebring is, dan sal julle ook weet hoe naby Ek aan julle is en hoe Ek meeleef met alles, ook met die kleinste belewenis van My kind. En julle sal dan ook self met alle verlange na My toe kom, omdat julle alle skroom verloor teenoor Hom, Wie julle as julle Vader liefhet en eer, - **omdat julle julleself in kinderlike vertroue aan Hom oorgegee het**, Wie aan julle hierdie vertroue ook sekerlik sal beloon.

Want nou verbind die liefde ons en die liefde laat nie na nie, Sy sal steeds die kind gelukkig maak wat die weg na die Huis van die Vader gevind het, wie Hom nou in vurige liefde toegedaan is. Amein.

***Mattheus_19:14*** *Maar JaHWèshua sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want* ***aan sulkes behoort die Koninkryk van die Hemele.***

***Mattheus_18:3*** *en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle,* ***as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!***